# *BEELD BRUID VAN DIE JAAR IN SAMEWERKING MET WORLD LEISURE HOLIDAYS*

## *BEPALINGS & VOORWAARDES*

1.1 Die kompetisie word aangebied deur Media24 Nuus (**Beeld**).

1.2 Kompetisie duur van 9 Junie 2022 – 4 Mei 2023.

1.3 Medeborge aan die Bruid van die Jaar 2022 kompetisie:

- *World Leisure Holidays (mede naamborg)*
- *Sealy*
- *TO Strand*
- *Wedding & Lifestyle Hub SA*
- *Kaliente Events & Design*
- *Hannon*

1.4 Met die deelname aan die kompetisie verskaf jy aan **Beeld** en mede-vennote/borge van die kompetisie toestemming:

***a) Om jou foto te publiseer.***
***b) Om van tyd tot tyd sy produkte en/of dienste aan jou te bemark.***
***c) Dat jy gekontak mag word.***

1.5 Jy moet in 2022 trou of getrou het om te kan deelneem.

1.6 Jy mag net inskryf vir die maand waarin jy getroud is.

1.7 **Beeld** behou hom die reg voor om jou huweliksertifikaat aan te vra.

1.8 Slegs Suid-Afrikaanse burgers, met geldige ID-dokument mag deelneem.

1.9 Deelnemers moet bo 18 jaar van ouderdom wees.

1.10 Nie alle inskrywings sal gepubliseer word nie en is onderhewig aan 'n keuringsproses.

1.11 Die bruid wat die meeste punte vir haar maand gekry het, word as ’n finalis aangewys.

1.12 Indien jy buite **Beeld** se verspreidingsgebied val, is jy self verantwoordelik om dié koerant te bekom.

1.13 Geen werknemer of familie-lede van die borge of *Media24* mag deelneem nie.

1.14 **Beeld** se redakteur behou hom die reg voor om finaliste te diskwalifiseer wat in enige stadium só optree dat dit **Beeld**, die kompetisie of die betrokke finalis(te) se goeie naam in die gedrang bring. Dit sluit gedrag in (maar is nie daartoe beperk nie) wat lei tot die finalis se arrestasie, hofverskyning, betrokkenheid by ’n polisieondersoek (selfs voordat die finalis aan ’n misdryf skuldig bevind word) en onwelvoeglike of skandalige gedrag, hetsy dit in die media gepubliseer word of nie.

1.15 **Beeld** aanvaar nie verantwoordelikheid vir borge wat nie hul verpligtinge nakom.

1.16 **Beeld** aanvaar nie verantwoordelikheid vir inskrywings wat wegraak nie.

1.17 Media24 Nuus (**Beeld**) waarborg oor die algemeen nie die volgende nie:

- *Dat u inskrywing in die kompetisie summier sal lei tot die wen van 'n prys.*
- *'n Prys of enige aspek daarvan aan jou, of waar van toepassing aan jou verwagtinge of vereistes voldoen nie.*
- *'n Prys of enige aspek daarvan bevredigend, tydig, sonder defekte, veilig of betroubaar is.*
- *Media24 Nuus (**Beeld**) en ons geaffilieerde maatskappye sal nie verantwoordelik wees vir enige besering, skade, verlies of eisverwante voorvalle nie.*

1.18 Die beoordelaars se besluit is finaal en geen korrespondensie word oor die kompetisie gevoer nie.

1.19 Met die kroningsdag word daar van die bruide verwag om ‘n voldagsessie saam met beoordeelaars by te woon waar die wenner bepaal word. Die aand is ‘n semi-formele funksie saam met van die bruid, haar man en hulle genooide gaste.

1.20 Daar sal van die maandelikse wen-bruide verwag word om aan die einde van die jaar siklus by die jaarlikse kroningsgeleentheid in Gauteng teenwoordig te wees waar die Jaar-wenner aangekondig word. Sou ’n finalis om enige rede nie die kroningsgeleentheid kan bywoon nie, verbeur sy die kans om mee te ding om die titel van Bruid van die Jaar asook alle pryse aangesien dit oorgedra sal word na die bruid wat haar plek sal oorneem.

1.21 Pryse is nie onderhandelbaar en kan nie vir kontant verruil word nie. Wenner het die reg om die prys weg te wys.

1.22 Reis- en enige ander addissionele kostes is vir die bruide se eie rekeninge.

1.23 **Beeld** behou die reg voor om hierdie terme en voorwaardes te enige tyd sonder kennisgewing te verander.

1.24 **Beeld** behou die reg om kompetisie ter enige tyd te staak/beëindig.

1.25 **Beeld** behou die reg om pryse ter enige tyd aan te pas of te kanselleer.

1.26 Kompetisie word gereguleer deur SA wetgewing.

## SKRYF SÓ IN

1. **Verstrek die volgende:**
   a) Troudatum
   b) Bruid se naam en getroude van
   c) Bruidegom se naam en van
   d) Bruid en bruidegom se kontakbesonderhede (e-posadresse en kontaknommers)
   e) Woonadres

2. **Antwoord die volgende vrae in 'n Word-dokument**:
   a) Waar het julle mekaar ontmoet?
   b) Hoe lank ken julle mekaar?
   c) Watter beroepe beoefen julle?
   d) Wat is jul belangstellings?
   e) Vertel ons van jou troue. Was daar 'n tema en wat was jou inspirasie?
   f) Beskryf jou troudagstyl. Hoe het jy op jou rok en voorkoms besluit?
   g) Wat was jou hoogtepunt van die troue?

3. **Troufotos: Heg kleur of swart-en-wit fotos aan in jpeg-formaat. Fotos moet elk 'n minimum van 1MB groot wees.**
   - Bruid kop-en-skouerfoto
   - Bruid vollengte foto
   - Egpaar foto

4. **Dit is die persoon wat inskryf of namens 'n bruid inskryf se verantwoordelikheid om te verseker dat enige informasie wat aan ons verskaf akkuraat, volledig is.**

5. **Daar word nie e-pos-korrespondensie oor inskrywings gevoer nie.**

6. **E-pos-inskrywings moet vóór 12:00 op die sluitingsdag aan bruide@media24.com gestuur word. Ons maak geen uitsonderings vir inskrywings wat laat is nie.**

## SKRYF IN OP/VOOR DIÉ DATUMS

Januarie-bruide: 3 Junie 2022
Februarie-bruide: 24 Junie 2022
Maart-bruide: 22 Julie 2022
April-bruide: 19 Augustus 2022
Mei-bruide: 16 September 2022
Junie- & Julie-bruide: 14 Oktober
2022 Augustus-bruide: 11 November
2022 September-bruide: 9 Desember
2022 Oktober-bruide: 3 Februarie
2023 November-bruide: 3 Maart 2023
Desember-bruide: 31 Maart 2023

## STEM PROSESSE

Wanneer 'n bruid se foto in die koerant verskyn kan lesers vir hul gunsteling-bruid stem deur:

**PROSES 1 (elke SMS tel 1 punt)**

SMS Bruid, gunstelling bruid naam en van, jou naam en van, waar jy woon en e-posadres aan 35986.
SMS lyn sal oop bly tot die daaropvolgende Vrydag ná die bruid se foto's in die koerant verskyn het. Lyn sluit om 12:00. Elke SMS kos R1.50. Gratis SMS geld nie en foutiewe SMS'e sal verreken word.
**SMS voorbeeld:** ***BRUID, Sannie Smit, Tanya Schoeman, Randburg, tanya.schoeman@media24.com***
Deelnemers aan die kompetisie deur middel van stem proses 1 verleen met die gebruik van die SMS-stemme toestemming aan Media24 en sy borge om by geleentheid sy produkte en/of dienste aan hulle te bemark.

**PROSES 2 (elke stem tel 5 punte)**

Ekstra koerant **stemme** van 'n bruid kan op 'n Donderdag van publisering of die Vrydag na publisering by Tanya Schoeman aangekoop word (tanya.schoeman@media24.com). **Beeld** sal die koerante aan 'n Beeld projek skenk.

**PROSES 3 (elke stem tel 5 punte)**

Knip gunstelling bruid se foto uit **(slegs oorspronklike fotos word aanvaar),** plak dit op 'n A4-bladsy, voeg jou adres en telefoonnommers by en koerier aan: Bruid van die Jaar, Bemarking, 2de Vloer, 272 Pretoria Laan, Ferndale, Randburg, 2194.

Stemme kan ook in 'n koevert by **Beeld** se kantoor in Johannesburg afgelewer word: Bruid van die Jaar, Bemarking, 2de Vloer, 272 Pretoria Laan, Ferndale, Randburg, 2194.

Sperdatum vir elke week se bruide is die daaropvolgende Vrydag ná die bruid se foto's in die koerant verskyn het. Alle stemme moet ons teen 12:00 op die sperdatum bereik om in aanmerking geneem te word.

Dit bly persoon wat stem se verantwoordelikheid om stemme op tyd in te dien en **Beeld** neem geen verantwoordelikheid vir laat stemme, vir watter rede ookal. Laat stemme sal nie in aanmerking geneem word nie. Die selfde prosedure geld vir bruide wat buite **Beeld** se verspreidings gebied val en wil deelneem.

**Bruid met die meeste punte aan die einde van maand sal as die wenner aangewys word.**

# PRYSE OP DIE SPEL

**Beeld se Bruid van die Jaar 2022 - WENNER wen:**

- R10 000 kontant, geborg deur **Beeld**
- **World Leisure Holidays** gee aan die wenner verblyf van 7 nagte in Mauritius, vliegkaartjies en belasting ingesluit terwaarde van R56 000.
- 'n **Sealy**-koningingrootte matras en-basisstel ter waarde van R15 000
- **TO-Strand** gee 7 nagte se verblyf ter waarde van R7 000.
- 'n prys van **Hannon** se skoonheidsprodukte ter waarde van R10 000 plus 'n aanlyn afspraak sal gemaak word om die regte produkte vir haar vel te bepaal.
- **Wedding & Lifestyle Hub SA** het ook vir die bruide nog pryse bekom om hulle behoorlik te kan bederf:
  - **Arts by Chene** gee aan die wenner 12 x A4 persoonlike tekeninge van die troupaartjie (familie, strooimeisies, bruidegom) ter waarde van R3 000. Drukwerk en skryfwerk ingesluit.
  - **Belissima Hair Studio** gee 'n volkop kleur, strepies, sny, blaas en behandeling, ens ter waarde van R2 200.
  - **Bodytec** bied 3 maande lidmaatskap (R1 500 pm) + Kledingstukhuur/wasgoed (R200 pm) by enige Pretoria tak ter waarde van R5 100.
  - Stel van vier reukkerse deur **Cinnamon Girls** ter waarde van R250.
  - **Dainty Delights** koek ter waarde van R1 000.
  - **Eljolie** bied aan die wenbruid 'n stel Ontwerper moissanite oorbelle ter waarde van R16 000.
  - **Forum Homini** gee 1-nag verblyf in 'n Deluxe Suites vir twee mense wat deel ter waarde van R4 700. Ontbyt ingesluit asook 'n vier gang fynproewer aandete vir twee @ roots restaurant
  - **Kuif en Baard** gee 'n staatsman pakket ter waarde van R1 200 wat 'n haarsny, warm handdoeke skeer, behandeling en nog meer bederfdienste insluit.
  - **Liberty** gee 'n R1 500 kontant prys.
  - **Photoboothing** afslag van R1 000.
  - **Sally Slimming Studio** gee 'n verslankingspakket van R9 308.
  - **The Beat Dance Studio** danslespakket van R5 010 bestaande uit 12 x privaatlesse (30min elk), lidmaatskap vir 6 maande (toegang tot alle beginnersgroepklasse).
  - **VA Tungsten** ring ter waarde van R1 300.

**Beeld se Bruid van die Jaar 2022 - NAASWENNER wen:**

- R5 000 kontant, geborg deur **Beeld**
- **World Leisure Holidays** gee aan die wenner verblyf van 7 nagte in Mauritius, vliegkaartjies en belasting ingesluit terwaarde van R56 000.
- 'n **Sealy**-koningingrootte matras en-basisstel ter waarde van R10 000
- 'n prys van **Hannon** se skoonheidsprodukte ter waarde van R8 000 plus 'n aanlyn afspraak sal gemaak word om die regte produkte vir haar vel te bepaal.
- **Wedding Hub SA** het ook vir die bruide nog pryse bekom om hulle behoorlik te kan bederf:
  - **Arts by Chene** gee aan die naaswenner 3 x A3 digtiale lyn sketse van die paartjie ter waarde van R1 600. Die bruid in die 3de plek ontvang 1 x A2 digitale lyn skets.
  - **Belissima Hair Studio** gee 'n volkop kleur, strepies, sny, blaas en behandeling, ter waarde van R2 200.
  - **Bodytec** bied 6 sessies by enige Pretoria tak. Dit sluit gratis kledingstukhuur/wasgoed in ter waarde van R2 850.
  - **Eljolie** bied aan die bruid 'n silver voorletter hangertjie ter waarde van R800.
  - **Kuif en Baard** gee 'n behandeling ter waarde van R1 200.
  - **Sally Slimming Studio** gee 'n verslankingspakket van R5 616.

- **The Beat Dance Studio** danslespakket van R3 340 bestaande uit 8 x privaatlesse (30min elk), lidmaatskap vir 4 maande (toegang tot alle beginnersgroepklasse).
- **VA Tungsten** ring ter waarde van R1 300.

**Beeld se Bruid van die Jaar 2022 - DERDE PLEK wen**

- R5 000 kontant, geborg deur **Beeld.**
- **World Leisure Holidays** gee aan die wenner verblyf van 7 nagte in Mauritius, vliegkaartjies en belasting ingesluit terwaarde van R56 000.
- 'n **Sealy**-koningingrootte matras en-basisstel ter waarde van R10 000
- 'n prys van **Hannon** se skoonheidsprodukte ter waarde van R5 000 plus 'n aanlyn afspraak sal gemaak word om die regte produkte vir haar vel te bepaal.
- **Wedding Hub SA** het ook vir die bruide nog pryse bekom om hulle behoorlik te kan bederf:
  - **Arts by Chene** gee aan die bruid in die 3de plek 1 x A2 digitale lyn skets ter waarde van R800.
  - **Belissima Hair Studio** gee 'n sny, blaas en behandeling, ter waarde van R650.
  - **Bodytec** bied 4 sessies. Dit sluit gratis kledingstukhuur/wasgoed in ter waarde van R1 900.
  - **Eljolie** bied aan die bruid 'n oorble stel ter ter waarde van R250.
  - **Kuif en Baard** gee 'n nek en skouer-massering van 45-minute ter waarde van R450.
  - **Sally Slimming Studio** gee 'n pamperlang pakket van R3 200.
  - **The Beat Dance Studio** danslespakket van R1 880 bestaande uit 4 x privaatlesse (30min elk), lidmaatskap vir 3 maande (toegang tot alle beginnersgroepklasse).
  - **VA Tungsten** ring ter waarde van R1 300.

**Elke maand finalis wen:**

- TO-Strand gee 3 nagte se verblyf ter waarde van R3 000.
- Die nege finalist wat nie onder die top drie eindig vir die jaar ontvang 'n prys van **Hannon** se skoonheidsprodukte ter waarde van R3 000 elk. Daar sal met elk van die bruide 'n aanlyn afspraak gemaak word om die regte produkte vir haar vel te bepaal.

**Beeld se Bruid van die Jaar 2022 – GELEENTHEID BORGE**

- Kaliente is die gala geleentheid se skryfbehoefte borg wees.